# Eksodus Ondervinding

*Die Verhaal van die Snymangesin*



Nina Snyman

# Eksodus Ondervinding

## Die Verhaal van die Snymangesin

vertel deur Nina Snyman

maranathamedia.com

Junie 2020

# Eksodus Ondervinding

## Inhoud


Agtergrond ... 5

Bester se Studies ... 7

Spanning Neem Toe ... 8

Besigheidsvergaderings ... 10

Uit die Kerk gesit … Wat nou? ... 12

Vertalings ... 14

Dawid se Toewyding aan God ... 16

Organisering van Kampvergadering 2017 ... 17

Onenigheid ... 18

Die Kosbaarste Boodskappe van 1888 ... 22

Voor ons Eerste Ontmoeting met Adrian Ebens ... 23

- ‘n Duidelike Droom ... 23
- Eers Ligstrale ... 24
- Versoeke Gerig ... 26

Adrian se Eerste Besoek by Ons aan Huis ... 26

- ‘n Paar Insidente ... 27

Die Vrou by die Put ... 29

Die Sabbatsondervinding ... 31

Bring die Skip in die Hawe ... 32

‘n Lied ... 37

# Agtergrond

Ons is ’n Suid-Afrikaanse gesin. Ek en my man, Bester het albei in tradisionele Afrikaanse gesinne grootgeword. Ons is getroud in 1993 en het saam drie kinders, Marié, Fransonet en Dawid, grootgemaak binne die rustige atmosfeer van ‘n suikerrietplaas van KwaZulu-Natal aan die Ooskus van Suid-Afrika, in die Nkwalenivallei, wat maar ‘n baie klein plaasgemeenskappie is. Ons het in ‘n huis vol natuurlike lig met ‘n groen grasperk en ‘n tuin wat baie speelplek vir die kinders gebied het, gewoon. Ongelukkig het ‘n grondeis, en die daaropvolgende post-grondeisbestuur, vereis dat ons die plaas en sy omgewing moes agterlaat. Die bestuur van die plaas net ná die grondeis afgehandel is, het my man die geleentheid (en die tyd) gegee om die beginsels van profesieë in die Bybel te bestudeer. Dit het hom na die lering van die Sewendedag Adventiste (SDA) Kerk gelei. Hy het sy keuse om die Sabbatdag te onderhou, gemaak en hy het die gesin uit die klein charismatiese gemeente waarvan ons 17 jaar lank deel gevorm het, gelei. Ons het einde 2009 vir die eerste keer in ‘n SDA kerk ingestap, waarin ons sewe jaar lank getrou gedien het.

Ons het Adventiste geword net nadat die post-grondeisbestuur onsuksesvol geword het. Bester (en sy gesin) moes die plaas verlaat om ‘n ander heenkome te vind. Ek, Nina, was steeds nie oortuig van die Sabbatsleringe nie. Op daardie stadium is Bester ‘n posisie as plaasbestuurder aangebied deur vriende in ons charismatiese gemeenskappie, mense wie ek vertrou het en saam met wie ek gereed was om ‘n sak sout op te eet. Maar Bester het die aanbod van die hand gewys as gevolg van sy oortuiging van die Sabbat – hulle het verwag dat hy op ‘n sabbat werk... Sy besluit het my platgeslaan, maar ek het die uitdaging om God te toets op hierdie sogenaamde Sabbatsbeginsel, aanvaar. Sal Hy vir ons as gesin kan voorsien as ons die besluit neem om Sy weë te volg soos wat Bester die Bybel verstaan het? Bester se keuse om die Sabbat te onderhou het ons by die plek waar ek vir omtrent ‘n jaar lank die

hoofinkomste van die huishouding moes verdien, gebring. Laat ek byvoeg: ‘n inkomste baie laer as Bester s’n terwyl hy geboer het.

Ja, God het genadiglik aan ons gesin voorsien. Een jaar later is Bester ‘n posisie as plaasbestuurder op ‘n plaas in dieselfde vallei waar ons voorheen gewoon het: Nkwalenivallei, aangebied. Vandag is hy steeds ‘n plaasbestuurder in hierdie area. Hy is in die bevoorregte posisie om die Sabbat binne hierdie landboubestuursposisie, teen alle verwagtinge in, te onderhou. Dit bly vir ons ‘n wonderwerk. God het aan hom hierdie voorreg gegee om te kan boer en daarmee saam die Sabbat te kan onderhou. Ons het dit nooit verwag nie.

Gedurende die onseker tye van die grondeis van die plaas (voordat ons Adventiste geword het), het ek die ondervinding gehad dat die Here my gewys het dat ons gesin soos ‘n skip buite ‘n hawe is. Die skip moet die hawe binnevaar, maar het hulp benodig van binne die hawe, om die skip te stuur deur ‘n nou strook in die rivier, waar die skip baie maklik teen die sandbanke of op die rotse kon beland. Ek het besef dat God die rigting vir hierdie skuif om die hawe veilig te bereik, moes aanwys. Gedurende die uitdagende jare na die grondeis, het ek baie keer gewonder wanneer ons as gesin in veiligheid binne die nuwe hawe kon vasmeer.

Hierdie verhaal is ons geestelike reis van geloof. Dit vertel van gebeure wat liewer nie bespreek word nie, weens die moontlikheid om konflik aan te hits wanneer die onderwerp van bespreking oorgaan tot dinge soos die skorsing van mense uit die kerk. Nogtans het hierdie ondervindings ons as gesin nader aan mekaar gebring en ons nader aan ‘n dieper belewenis van die onselfsugtige AGAPE liefde van God gebring.

> **Lukas 1:1 – 4** Daar is baie wat onderneem het om 'n verhaal te skrywe van die dinge wat onder ons gebeur het. 2… deur die mense wat van die begin af ooggetuies en dienaars van die Woord was. Daarom het ek dit ook goedgedink om self alles stap vir stap van voor af … die verhaal noukeurig in die regte

volgorde vir u neer te skryf. So kan u te wete kom dat die dinge waaroor u onderrig is, heeltemal betroubaar is.

## Bester se Studies

Bester het die konsepte van die Godheid en die drie-eenheid volledig ondersoek gedurende 2014 en 2015, oor ‘n tydperk van omtrent 9 maande. Hy het in Mei 2015 tot die gevolgtrekking gekom dat die lering van die Vader en die Seun ‘n Bybelse konsep is, en dat die drie-eenheid nie Bybels is nie. Omdat hy al SOVEEL opgeoffer het ter wille van sy Bybelse geloof (insluitend sy geloof oor sabbatsonderhouding) het hy geen ander keuse gehad nie as om die oortuiging van sy gemoed te vestig in sy wandel en weë.

In Augustus 2015 (Bester was op daardie stadium leier van die SDA Empangeni Kleingroepie) het hy my na sy rekenaar geroep om my ‘n epos te wys. Die epos het die normale notules van die maandelikse komitee-vergaderings van die Kleingroepie bevat. Daar was ‘n nuwe onderwerp op die agenda: “Dwaling oor die Heilige Gees binne die Leierskap.” Dit het ook aangedui dat die plaaslike leraar die volgende vergadering sal voorsit, en nie Bester nie. Bester se opmerking aan my: “Dit verwys na ons.” My reaksie, “Nee, dit kan nie wees nie; ons het ‘n probleem met die Godheid en die drie-eenheid, nie die Heilige Gees nie.” Dit het wel toe na ons verwys. Ten spyte van drie onderskeie pogings (op drie opvolgende maandelikse vergaderings) om die onderwerp op die agenda te verander na “Dwaling oor die Godheid en die Drie-eenheid binne die leierskap” is hierdie versoek nooit toegestaan en die korreksie nooit gedoen nie. Ek is steeds in die duister daaroor.

Na hierdie vergadering in Augustus 2015 is Bester se geestelike verantwoordelikhede alles van sy skouers afgehaal, behalwe die Woensdagaande se Bybelstudies, wat steeds deur Bester waargeneem is. Hierdie bybelstudies is bygewoon deur nuwelinge wie in die kerk ingekom het gedurende ‘n publieke uitreik (‘n poging) wat die Kleingroepie in Julie 2014 gehou het. Die leierskap van die Kleingroepie het besluit dat daar vergaderings (studies) met die leraar, Bester en myself gehou sal word. Die

onderwerp van bespreking was Bester se siening op punte 2, 3, 4 en 5 van die Fundamentele Leerstellings van die SDA Kerk.

Ek het hierdie studies met oop oë bygewoon, want ek het op daardie stadium nog nie die materiaal oor hierdie onderwerp bestudeer nie. Die studies is gedoen op ‘n ordelike wyse en met respek vir mekaar se sienings. Dit is elke 2-3 weke gehou. Daar was ‘n totaal van vier studies gehou, elk omtrent twee ure lank. Somtyds het ons (Bester, ek die leraar en sy vrou) voor of na die studies saamgeëet. Gedurende die studies het ek probeer om die Bybelse studie-metodes wat die SDA kerk my geleer het toe te pas: die Bybel moet homself verklaar.

Gedurende die vierde studie het die leraar aangekondig dat dit die laaste studie sou wees. Ek was verbaas en het genoem dat daar ‘n paar kwessies is waaroor ek graag duidelikheid wil kry. Daar is ooreengekom dat die kwessies bespreek kan word oor epos om enige verdere onduidelikhede op te klaar. Ek het ‘n lang epos saamgestel waarin ek drie pertinente vrae aan die leraar gestel het. Dit het gehandel oor die kerk se siening omtrent die drie-eenheid, met Bybelverse en EGW aanhalings. Ek het terugvoer ontvang oor een van die drie vrae, met ‘n aanduiding dat die kerk verdeeld is omtrent die interpretasie van hierdie Bybelverse en die EGW aanhaling… Ek het regtig gehoop dat my vrae deur die leraar beantwoord sal word, aangesien hy die ondersteuning van die hele SDA Kerk gehad het. Dit het ongelukkig nie so gebeur nie. Die ander twee vrae is steeds onbeantwoord.

## Spanning Neem Toe

Daar is in November 2015 ‘n nuwe leierskap vir die Kleingroepie verkies. Bester is uit sy pos as voorsitter van die komitee onthef. Ek het ook nie weer op die komitee gedien nie. Ek was dankbaar dat die Woensdagaand-Bybelstudies in plek gehou is op versoek van die mense wat dit bygewoon het. Ongelukkig is die Bybelstudietyd verskuif na Sabbatmiddae om 2nm. Die verantwoordelikheid van hierdie nuwe Sabbatmiddagprogram is verskuif van Bester se skouers na myne, omdat ek op daardie stadium die Sabbatmiddag-

programme gekoördinaar het. Ons het voortgegaan met die Bybelstudie se onderwerp onder bespreking, maar gedurende die nuwe tye, op Sabbatmiddae. Ek moes hierdie studies ly en het dit gedoen met vrees en bewing en onsekerheid. Die onderwerpe van my Sabbatmiddagprogramme was glad nie so moeilik soos die onderwerpe wat getakel is gedurende Woensdagaande se studies nie. Bester was heeltemal goed toegerus om hierdie onderwerpe te hanteer. Ek het nooit die Sabbatmiddagprogram hanteer sonder Bester om sy insae te gee. Ek het ook seker gemaak dat ons leraar dit bywoon sover sy besige program hom toegelaat het.

Hierdie sabbatmiddagprogramme was beide ‘n seën en ‘n beproewing. Alle programme van die Empangeni Kleingroepie is verskuif na die amptelike bymekaarkomplek van ons Kleingroepie, die sogenaamde “werkswinkel,” as gevolg van die kwessie van ‘n moontlike skorsing uit die kerk. Geen kerkbyeenkoms is toegelaat in private huise nie. Dit was ‘n goeie reëling in die lig van die gegewe omstandighede, maar dit het nie rekening gehou met die hoë temperature van die warm somersdae in Empangeni nie (gewoonlik oor 40˚C). Ten spyte van hierdie temperature het daar meer mense as voorheen opgedaag by die Bybelstudies, aangesien sommige van die mense nie die byeenkomste op Woensdagaande kom bywoon nie, as gevolg van die gevaar verbonde aan motorritte in die aand. Ek het my pleidooie aan die nuwe komitee gestuur om (1) die Sabbatmiddag byeenkomste by te woon, en (2) die byeenkoms te verskuif na ‘n plek met lugversorging as gevolg van die verskriklike hitte, maar my versoeke het op dowe ore geval. Net die leier van die komitee het dit bygewoon.

In April 2016 het die reeks onder bespreking gedurende die sabbat-middagprogram tot ‘n einde gekom en moes ‘n nuwe onderwerp gekies word. As gevolg van al die spanning in die groepie oor so baie dinge het ons dit in geloof voor die Here neergelê. Die nuwe onderwerp, gekies deur die groep, was ‘n reeks lesings van die welbekende SDA evangelis prof. Walter Veith, met die titel “Totale Transformasie.” Ons het die materiaal almal

broodnodig gehad. Ek dank die Here vir hierdie voorsiening van waardevolle inligting gedurende hierdie tyd van beproewing.

My emosionele reis van die eerste helfte van 2016 kan net verstaan word deur een wat die reis self onderneem het. Ek is ewig dankbaar vir die bietjies-bietjies menslike ondersteuning wat God self op die pad voorsien het. As moeder in my huis het ek gedurende hierdie tyd alle arrogansie uit die huis verban. Ek het aan die kinders (toe 15 jaar, 17-18 jaar en 20 jaar) verduidelik: arrogante reaksies word nie onder ons dak toegelaat nie. Dit moet buite uitgewoed word – daar is spasie buite om die swembad daarvoor. ☺ (Ek sal dalk eendag in die hemel uitvind wat die volle impak was van hierdie huishoudelike reëling.)

Daar was een geleentheid waartydens my emosionele pot oorgekook het. Dit het na die preek van 'n besoekende leraar gebeur. In sy preek het hy 'n oningeligde betoog gemaak teen ons kosbare geloof in ons liefdevolle Vader en Sy eniggebore Seun Jesus Christus. Daar was blatante leuens as waarheid op die skyfievertoning wat hy vir die preek gebruik het, voorgehou, aan 'n oningeligte gemeente. Na die preek het ons as gesin huistoe gegaan om die kos te gaan haal vir die gesamentlike ete by iemand anders aan huis. Gedurende die kortstondige tydjie by ons eie huis het ek in woede uitgebars en my opinie voor die res van die gesin uitbasuin. Daardeur het ek my eie reël oor arrogansie heeltemal verbreek… Bester moes my kalmeer… Terwyl ons net daarna onderweg was na die plek van ons middagete het een van die kinders begin sing in 'n vaste stem, sodat ons almal saam in die motor gesing het op weg na die middagete: *"Give me that old time religion… it's goed enough for me…"* Toe ons daar aangekom het, kon ons gemaklik die mense in die oë kyk en in 'n ontspanne atmosfeer groet. Ek is dankbaar vir die Here se voorsiening op daardie dag.

## Besigheidsvergaderings

Daar was 'n besigheidsvergadering vir die Richardsbaai SDA Gemeente geskeduleer in April 2016. Ons plaaslike leraar kon nie die vergadering, wat

ons dissiplinêre verhoor sou insluit, lei nie, omdat hy op daardie stadium nog nie as predikant verordineer was nie. Daar is gereël dat ‘n leraar van Durban kom om die vergadering te lei. Ons het hom Vrydagaand by ons aan huis ontmoet, waar ons saam met ons leraar Sabbat geopen het. Ons het leraar K geken vanuit sy Heilige Gees geïnspireerde preke, waarna ons op die plaaslike kampvergaderings geluister het. Ons het saam aandete genuttig en ‘n informele bespreking omtrent die kwessies van ons verhoor gehad. Die sabbat na kerk het leraar K die kerkraad gevra om die besigheidsvergadering met 2-3 maande uit te stel, om ons kans te gee vir verdere studies en om ons standpunt te heroorweeg. Hy het materiaal vir die doel voorsien. Hy het ‘n stel van drie boekies, wat die SDA kerk se beleid omtrent die drie-eenheid uiteensit, voorsien. Ek het deur twee van die drie boekies gegaan. Hieruit het ek geleer dat die konsep van die drie-eenheid uit die eerste paar eeue na Christus dateer. Dit beteken dat geen Bybelskrywer geweet het van die drie-eenheid nie, en daarom dit ook nie ondersteun het nie… Dit was ‘n groot teleurstelling om agter te kom dat ons kosbare maagdelike kerk van die standaarde van Sola Scriptura verval het. Ons moes die besluit neem: Watter een dra die hoogste gesag: die kerk of die Bybel. Ons het die geïnspireerde Woord van God gekies.

Leraar K het die voorstel gemaak dat ons uit ons lidmaatskap bedank om dinge makliker te maak vir onsself en ons gesin. Bester het dit nie verkies nie. Hy is oortuig van die waarheid oor die Godheid soos uitgestip deur SDA kerk geloofstellings in 1872, 1889 en 1914. Die kerk het sy sienings omtrent die Godheid gedurende die 1900’s verander en die lering oor die drie-eenheid is ingestem in 1980. Daarom kon Bester sy posisie verdedig op grond van die pioniers se skriftuurlike interpretasie oor die Vader en die Seun, wat op die fundamentele beginsels van die SDA kerk gebaseer is.

By hierdie besoek van leraar K aan ons gemeente het hy die voorreg gehad om te preek. Voordat die hoofdiens om 11:00vm begin het, het ons vriend Rae by die kerk opgedaag met ‘n stel teatrale klere aan, wat almal se koppe laat draai het. Hy was aangetrek soos iemand uit die Middeleeue, in simpatie

met ons situasie dat ons die besigheidsvergadering, volgens hom, moet bywoon om geskors te word. Sy argument: Die geskiedenis herhaal homself. Bester sal op die brandstapel verbrand word soos wat die Rooms-Katolieke Kerk gedoen het met mense wat die Bybel geglo het en nie gehou het by die voorskrifte van die Rooms-Katolieke Kerk nie. Ek vermoed hierdie gebeure het die leraars laat heroorweeg. Die besigheidsvergadering is met twee maande uitgestel.

Die volgende datum vir die besigheidsvergadering van die Richardsbaai gemeente is vasgestel: 28 Mei 2016. Hein de Wit het ons in die week voor hierdie vergadering gekontak. Sy woorde: "Julle weet julle word Saterdagaand geskors, nê?" Ons antwoord: "Nie noodwendig nie. Ons is deel van 'n Godvresende gemeente en ons vertrou op God vir 'n Godgegewe uitkoms op die stemming." Hein het vir ons 'n epos, met details van 'n soortgelyke skorsing in Amerika, aangestuur. Ons het die vertelling van die vergadering gelees en besluit dat sulke onregverdige dinge nie met ons sal gebeur nie. Groot was my verbasing toe hierdie gebeure die een na die ander tydens ons eie vergadering, wat op 18 Mei 2016 plaasgevind het, herhaal is. Ons is geskors. Die telling was 4 teen 19 stemme. Ek is ewig dankbaar vir die vriendelike waarskuwing wat Hein aan ons gerig het deur hierdie verslag van ander wat die pad voor ons gestap het.

Toe ons na afloop van die vergadering uit die parkeerplek gery het, was dit stil in die motor. Dit het vir my gevoel asof ons pas ons eie begrafnis bygewoon het. Ons eie begrafnis? As gevolg van die plegtigheid van die vergadering… na afloop het almal ons persoonlik gegroet sonder om ons voorspoed met die toekoms toe te wens …

## Uit die Kerk gesit … Wat nou?

Ek sal ewig dankbaar wees vir die mense wat ons die oggend nadat ons uitgesit is, op Sondag 29 Mei 2016, gekontak het. Ek onthou nie die detail wat gesê is nie, maar die opregte simpatie wat uit die stemme gekom het, sal my altyd bybly… Ek is ewig dankbaar dat die kinders daardie dag betrokke was by

‘n skooluitstappie. Ek het 4uur die oggend gery om hulle by die skool te gaan aflaai en het hulle weer 5uur die middag gaan haal. Hulle is die hartseer gespaar om hul ouers te sien treur oor die verlies.

Ek is ewig dankbaar oor ons leraar se alomteenwoordige glimlag gedurende die maande voor die verhoor. Sy simpatieke warm verwelkoming as ons gesin by die kerk aankom, het ‘n kolossale verskil op ons ondervinding gemaak …

Nadat ons uitgestem is, het ons steeds die Sabbatoggendprogram van die Empangeni Kleingroepie bygewoon. (Wel, wat anders kon ons doen?) Die eerste Sabbatoggend na ons skorsing, toe ons instap, het ons gevind dat ons teenwoordigheid ongemak aan almal daar teenwoordig, ook aan onsself, veroorsaak het. Die weeklikse programme is nie afgekondig nie, sodat ons gesin in die duister gelaat is omtrent die week se programme. Die Jeug het ‘n sterk groep gehad en ons kinders het normaalweg daaraan deelgeneem. ‘n Nuwe gesang is ingebring wat aan die begin van elke diens gesing is. Dit het lof gebring aan die drie-eenheid. Ons het as gesin besluit dat ons nie aan hierdie nuwe deel van die program kan deelneem nie, en dat ons bloot tydens hierdie gesang gaan sit, en stilbly. Ons het agter in die kerk ons sitplekke ingeneem. Dit het ‘n hele konsternasie tot gevolg gehad en binne ‘n paar maande is ons na ‘n vergadering met die leraar ontbied. Die geleentheid is ‘n paar keer uitgestel, weens ‘n besige gesinsprogram. Gedurende hierdie tyd het die kinders ‘n boodskap op hul fone ontvang wat aangedui het dat die Jeugprogramme van die Empangeni Kleingroepie alles, met onmiddellike effek, gestaak is. Hierdie reëling het die Sabbatoggend lestudie van die Jeug ingesluit. Die kinders was bietjie verbaas en het die jeugleier gekontak om uit te vind waarom. Hy was op daardie stadium onbewus van die nuwe reëling. ‘n Week later het ons die epos van ons leraar ontvang wat aangedui het dat ons nie meer welkom was om die Sabbatoggendprogram van die Empangeni Kleingroepie by te woon nie, as gevolg van ons ontwrigtende optrede. Ek het my hart uitgehuil…

Soos ek vir ons liewe vriend, wat ons in die SDA kerk ingebring het (hy is steeds ‘n toegewyde kerklidmaat) gesê het: die skip van Handelinge 27 en 28 op die eiland Malta` het gestrand; die skip (wat ek interpreteer as die SDA kerk) word deur die branders aan flarde geslaan; die geweld van die storm het ons as gesin van die skip afgeslaan. Ons hoop om die ouens wat op die skip agterbly weer n op die strand te sie. Intussen is die storm besig om koue winde en reën en hartverskeurende omstandighede teweeg te bring – mag God verhoed dat ons onsself warm maak by vreemde vure…

Ek is ewig dankbaar dat ons die epos, wat ons uit die Empangeni SDA Kleingroepie se programme verban het, eers die naweek nadat ons Huttefees bygewoon het wat gereël is deur Hein de Wit in Pietermaritzburg, in Oktober 2016, ontvang het. Die naweek van die Huttefees was gevul met oomblikke wat in die geheue vasgevang is: ontmoetings met mense van dieselfde geloof as ons eie; mense met respek vir ander se sienings; tye wat ons na soortgelyke hartseer verhale geluister het. Ek was dankbaar dat ons nie meer totaal alleen en aan onsself oorgelaat is nie.

As gesin het ons steeds ons Sabbatoggendprogram in die privaatheid van ons eie huis gehou. Ons het die verantwoordelikhede van die sabbatskoolles, die sendingverhaal en die keuse van die elektroniese preek onder mekaar verdeel. Ons het steeds ‘n offergawe opgeneem en soos ons goedgedink het, uitgedeel. Ons het instansies en individue gevind waar ons ons tiendes betaal het. Ons het steeds vir die sabbatmiddagprogram`, wat steeds in ons huis byeengekom het nadat ons uitgestem is, voorberei. Dit is bygewoon deur plus-minus vyf mense buiten ons gesinslede. Ons het steeds die Here gedien en Hom vertrou om ons te help om mense met die waarheid soos uiteengesit in die Bybel, te bereik.

## Vertalings

In 2016 het ons steeds nie die feeste gehou nie, omdat ons geen lig daarin gesien het nie. Gedurende die kampvergadering in Pietermaritzburg, gehou Okt 2016, geörganiseer deur Hein de Wit, het hy gevra dat mense na vore

kom om te help met vertalings van Engelse boeke na Afrikaans. Ek het my hand opgesteek met die idee dat ek kan help proeflees en het om my gesoek na ander hande van mense wat die vertalings sou kon doen. My hand was die enigste ene in die lug. Hein het my aanbod om te help vertaal opgeneem en ek het die boek *Original Love* deur Adrian Ebens probeer vertaal. Op daardie stadium het ek nog nie een van Adrian se boeke gelees nie. Hierdie vertalingswerk het aan my 'n kykie op 'n nuwe beskouing van die Agape liefde van God gegee. Dit het verwys na Agape liefde waarin daar GEEN eros (liefde vir die self) is nie. Min het ek geweet dat dit die begin was van 'n nuwe geestelike reis.

Ek het voortgegaan om nog 'n boek te vertaal, getiteld *Holy History*, deur oorlede ouderling John Vandenbergh. Ek het hierdie vertaling gedoen nadat ons bybelstudiegroep die boek *The Cross and its Shadow*, deur die pionier S.N.Haskell, bestudeer het. Die inligting in Haskell se boek het my 'n goeie agtergrond gegee van die lering van die Ou Testamentiese waarhede en die toepassings daarvan op ons daaglikse geloofslewe. Die feit dat die wet van Moses nooit teen die kruis vasgenael is nie, was vir my verrassende nuus. Nogtans het dit binne die konteks van skrifgedeeltes soos Psalm 119, vir my sin gemaak. Ek het ons Bybelstudiegroep bymekaar gemaak en met groot opwinding verduidelik, "Kyk hier, ouens! Die Ou Testamentiese wette is nooit vasgenael aan die kruis nie! Kyk weer!"

Die groep het 'n paar vrae gevra, wat ek nie kom beantwoord nie. Hulle het hul koppe geskud en die hele kwessie eenkant geskuif. Ek het teruggetrek in my binnekamer en tot die Here geroep, "Waarom dan hierdie negatiewe reaksie?" Ek kon nie verstaan waarom ek die mooiste waarhede in die Skrifgedeeltes gesien het, terwyl hulle my sienings bevraagteken het en die verse anders geïntepreteer het nie. Wat ek nie verstaan het nie, was dat ek die mooiste waarhede grootpraterig aan hulle voorgelê het. Dit het glad nie by hierdie waarhede gepas nie en daarom is dit deur mense wat dit andersins interessant sou vind en sou studeer het, verwerp.

Die groot vraag wat my man, Bester, gestel het, was, "WAAROM moet ons die feeste hou?" Ek kon nie ‘n grondige rede verskaf nie. Ek het geen diepgaande kennis hiervan gehad nie en was nie nederig genoeg om dit te erken nie. Die feeste het ‘n omstrede kwessie binne ons Bybelstudiegroepie geword en ek het dit in gebed aan die Here opgedra. Ek het my bes probeer om argumente daaroor te vermy.

Die volgende boek wat ek vertaal het, was *Divine Pattern*, deur Adrian Ebens. Dit verduidelik die gebeure binne die kerk wat gelei het tot ‘n skorsing van ‘n hele aantal SDA kerklidmate. Lidmate is wêreldwyd in verskillende lande uit die SDA kerk geskors. Dit verduidelik die parallelle verloop tussen die verhale van die Ou Testament en huidige gebeure, wat ook gebeure rondom ons eie skorsing insluit. Dit het voorstelle aan die hand gedoen om hierdie situasies te hanteer. As ek terugkyk kan ek sien hoe die Here ons gespaar het om ‘n bose gees van weerstand teen die gesag van ons kerk gedurende die proses van ons skorsing op te bou.

## Dawid se Toewyding aan God

Gedurende die eerste helfte van 2017 het ek een Sabbatmiddag opgelet dat ons seun Dawid, op daardie stadium 16 jaar oud, niks gehad het om hom gedurende die spesiale sabbatsure konstruktief besig te hou nie. Ek het hom aangemoedig om ‘n Ellen White boek op die rak te kies en dit op Sabbatmiddae te lees. Hy het die boek *Councels on Diets and Foods* gekies. Omtrent een of twee maande later het Dawid aangekondig dat hy ‘n vegan diëet wil navolg. Teen daardie tyd het ons gesin reeds ‘n paar jaar lank die hewige vleisdiëet afgelê en vegetaries geëet. Nogtans het Dawid se aankondiging my totaal onkant betrap. Hy het nooit sy vegan diëet op my afgedwing nie, maar het stilweg navraag gedoen oor elke dis op die etenstafel en het net die vegan disse geëet. Ek het hieroor gebid. Ek het uiteindelik ‘n resep vir vegan kaas ontdek wat die gesin geniet het. Baie gou daarna het die hele gesin die vegan diëet gevolg.

In Julie 2017 het Dawid ‘n 3-weke kamp bygewoon wat geörganiseer is deur ‘n onafhanklike bediening van die SDA kerk, Abundant Life, geleë net buite Dundee, Suid-Afrika. Die hoofdoel van die kamp, “No Guts No Glory”, is om die kinders in die Bybel en in die SDA geloofsbeginsels te vestig. Dawid het ‘n ander jongman van die kamp af teruggekeer. Daar was twaalf jongmense wat die kamp bygewoon het, en Dawid was die enigste wat bekend was met die vegan lewenstyl wat op die kamp gevolg word. Op die kamp het hy ‘n boek, *The History of Redemption*, met ‘n stel highlighters, as geskenk ontvang. Na die kamp het hy die kamproetine voortgesit deur elke oggend 5vm op te staan om tyd met die Here te spandeer. Hy het lang stukke uit die boek en uit sy Bybel bestudeer. Hy het Bybelverse in sy eie handskrif met groot letters op A4 folios geskryf en op sy kasdeure in sy kamer geplak, sodat dit van sy bed af duidelik leesbaar was. Baiemaal het ek in sy kamer op sy bed vir omtrent 10 minute gaan lê en die inspirerende verse gelees. Heerlik!

## Organisering van Kampvergadering 2017

Aan die begin van 2017 het Hein de Wit my gevra om te help met die organisering van ‘n kampvergadering vir mense wat, vir verskillende redes, nie meer die SDA kerk bygewoon het nie. Ongelukkig het my menslike talente my nie toegelaat om so iets aan te pak nie. Ek het dit so aan Hein verduidelik, maar hy het steeds aangedring dat ek oorweeg om daarmee te help. Hy het aan die einde van Maart 2017 my twee weke kans gegee om met ‘n finale antwoord vorendag te kom. Na baie besprekings met my man, Bester, het ek my hulp aangebied. Ek het ‘n sterk innerlike drang gehad om hierdie werk aan te pak. Bester was nie positief oor my betrokkenheid by hierdie onderneming nie, maar het sy seën teensinnig gegee.

Die gasspreker op hierdie kampvergadering was leraar Adrian Ebens, wie 5 jaar tevore deur die SDA kerk geskors is. Adrian het Bester in Mei 2016, op die oggend na ons skorsing, gekontak. Ek kan nie onthou wat hy gesê het nie, maar die simpatie en aanmoediging wat oor die Skype skerm na ons gekom

het, het ‘n ewige indruk gelaat. Adrian se boek *The Return of Elijah* was ‘n ligpunt in die donker tonnel van die skorsing.

Vanaf die einde van April 2017 het ek en Hein onverpoos gewerk om ‘n sukses van die Huttefees 2017 in Pietermaritzburg te maak. Baie kere het ek my kop op die geel lêer met die details van die reëlings laat sak en vir wysheid gebid. Ek was verstom hoe sommige reëlings net doodeenvoudig in plek geval het.

## Onenigheid

In die maande voor die kampvergadering het Bester baie vrae gevra om ‘n rede te vind om die feeste van die Ou Testament te hou. Ek kon nie behoorlike antwoorde en verduidelikings verskaf nie. Hy het my die vryheid gegun om die feeste te bestudeer en dit te onderhou, maar hy kon geen geldige rede vind om dit te hou nie. My gedagtes het gewentel om kritiek teen hom en dit het ons besprekings grootliks beïnvloed en veroorsaak dat ek met beskuldigings gereageer het. Nogtans het ek nooit my foute raakgesien nie. Ek het maar net verstom gestaan dat hy nie kans gesien het om die dinge te ondersoek nie.

Een sabbatoggend het ons groep na twee elektroniese preke oor die priesterskap van Christus gekyk. Die lering in hierdie preke het die Ou en Nuwe Verbonde, soos verdeel in twee dispensasies, verduidelik. Dit is soortgelyk aan die siening wat die meeste Protestante kerke aanhang; die Ou Verbond, met die wette en rituele en simbole, is toegepas tydens die Ou Testament en vandat Christus aan die kruis gesterf het, is die genade van die Nuwe Verbond geldig, soos in die Nuwe Testament uiteengesit. In die lig van die materiaal wat ek bestudeer het, het ek vrae gehad oor die geldigheid van hierdie lering en het hierdie vrae gevra, wat die proses om na die preke te kyk, aansienlik vertraag het. Die antwoorde van die groep het net nie vir my sin gemaak nie. Ek was ongemaklik hiermee, want hierdie dinge het gelyk of dit baie belangrik is om die evangelie te verstaan. Die gees van kritiek,

waarmee ek vrae gevra het, was steeds in beheer, maar nogtans het ek dit nie agtergekom nie.

Aan die einde van die sabbatprogram het die groepslede huiswaarts gekeer. Ek vermoed die meeste van die groepslede was tot ‘n mate bekommerd oor ‘n moontlike skeuring in ons groep. Ons groep was in die eenheid van ons kosbare geloof in die Vader en Sy Seun, pragtig saamgevoeg. Nadat almal daardie sabbatmiddag huistoe is, het ek voor die Here in gebed gekom oor die dinge wat deur my kop gemaal het. Die uitroep van my hart was: “Is DIT wat gebeur as mens uit die SDA kerk gesit word?” Ons het geen geestelike dak oor ons koppe gehad nie en geen oorhoofse liggaam waar ons kon aanklop om antwoorde op ons vrae te kry nie… Ek het hard gebid: vir ons groepie, vir elke lid, vir myself en Bester, vir die komende besoek van leraar Adrian Ebens aan ons groep en vir helderheid omtrent die kwessie van die feeste. Ek het my by die Here hart uitgehuil totdat dit tyd vir sabbatsluiting geword het – amper twee ure later. Dit is vir my baie ongewoon om so ‘n lang tyd in gebed te spandeer – gewoonlik loop ek rond en benodig lysies en versies vir inspirasie indien ek so lank bid.

Ek het twee ure lank oor hierdie verskriklike situasie ‘n innnerlike stryd gevoer: Die Here het vir my en Bester die onderviding van die skorsing gelei deur, soos wat Hy die Israeliete uit Egipteland deur die Rooi See gelei het. Nou het ons by die bitter waters van Mara `gekom – die geestelike waters was bitter sodat ek dit nie kon drink nie. Die groep het hul geloof op die dispensasionele siening van die verbonde gebaseer. In die lig van wat ek van die wet geleer het, dat die wet die ewige evangelie weerspieël, kon ek dit nie verstaan nie.

Ek kon duidelik sien dat die evangelie in die verskillende rituele en simbole in die Ou Testamentiese wette uitgelê word, en dat Christus die Middelaar in die Ou Testamentiese tye moes wees op dieselfde manier as wat Hy die Middelaar is wanneer ek die Vader nader in gebed. Ek kon nie insien hoe enige aardse priester hierdie werk kon doen wat Christus, as die Seun van die

lewende God, doen wanneer Hy ‘n mensehart nuut maak. Die aardse priesters wys tog net na die werk van Christus.

Baie ander vrae het deur my gemoed gegaan; vrae wat ek nie kon antwoord nie. Ek het nie geweet watter rigting om in te slaan nie. Ek het gesien die pad vurk en ek het by die Here vir ‘n stem agter my gepleit wat die weg wat ek moet volg aandui.

Terwyl hierdie dinge deur my gedagtes gemaal het, het ek ook besef dat ek nie teen my geestelike leierskap, teen Bester, durf murmureer nie. Ek moes myself onderwerp aan my man se idees. Nogtans het ek die prag van die ewige evangelie begin insien, hoe die lewe-gewende evangelie mense se lewens, beide in die Ou en Nuwe Testamentiese tye, aanraak. Ek het met trane op my wange by die Here gepleit dat Bester ‘n (geestelike) stuk hout in die (geestelike) water gooi om dit soet te maak.

> **Eksodus 15:25-26** En hy het die HERE aangeroep, en die HERE het hom ‘n stuk hout gewys; dit het hy in die water gegooi, en die water het soet geword. Daar het Hy vir hulle ‘n insetting en verordening vasgestel en hulle daar beproef (26) en gesê: As jy getrou na die stem van die HERE jou God luister en doen wat reg is in sy oë, en luister na sy gebooie en al sy insettinge hou, dan sal Ek geeneen van die siektes op jou lê wat Ek op Egipteland gelê het nie; want Ek is die HERE wat jou gesond maak.

Nog steeds het ek nie opgelet na my eie behoefte om van ‘n gees van kritiek genees te word nie...

Daardie aand het ek met ‘n boek van Adrian Ebens, met die titel “*Sabbath Fountain*” in die bed geklim. (Afrikaanse titel: *Sabbatsfontein*). Ek was gereed om die uitnodiging te aanvaar om die Gees van die Here in groter mate gedurende die tye van verkwikking te ervaar. Die verskil tussen die dispensasionele siening van die verbonde en die siening verduidelik deur Adrian Ebens het my gepla. Watter sienswyse was Bybels? Ek het geen idee

gehad nie. Sover my insig gestrek het, kon beide sienswyses deur Bybeltekse onderskryf word.

Gedurende die week daarna het ek gebid oor die preke wat ons groep gekyk het, wat gehandel het oor die priesterskap van Christus. Ek het weer deur my preeknotas gegaan. Dinge was vir my onduidelik.

Dit was wel duidelik dat die wet van God gedurende die Ou Testamentiese tye in ons harte geskryf word, op dieselfde manier wat dit tans in hierdie despensasie gedoen word. Ek het vermoed dat geen deel van die wet ooit aan die kruis van Christus vasgenael is nie en ek het tekse daaroor bymekaar begin maak. Die tekse het ‘n beskrywing gegee van die hart van ons Vader wat ons van sonde wil red en wat ‘n nuwe hart en nuwe karakter in ons wil bou. Ek het teksverse in beide die Ou en Nuwe Testamente gevind.

> **Deut 30:5-6** En die HERE jou God sal jou bring in die land wat jou vaders in besit geneem het, en jy sal dit in besit neem; en Hy sal aan jou goed doen en jou vermenigvuldig meer as jou vaders. (6) En die HERE jou God sal jou hart besny en die hart van jou nageslag, *om die HERE jou God lief te hê met jou hele hart en met jou hele siel, dat jy kan lewe*.

Die ewige evangelie (en die ewige wet) het geklink na ‘n evangelie wat duidelik verstaan is deur die Jode wat eeue voor die aardse bediening van Christus gelewe het. Dit het die rede verskaf waarom iemand soos Nataniël, (‘n dissipel van Jesus) vir Jesus as die Messias, die Seun van God, erken het - reg aan die begin van Jesus se aardse bediening.

> **Johannes 1:49 – 50** Natánael sê vir Hom: Waarvandaan ken U my? Jesus antwoord en sê vir hom: Voordat Filippus jou geroep het toe jy onder die vyeboom was, het Ek jou gesien. Natánael antwoord en sê vir Hom: Rabbi, **U is die Seun van God,** U is die Koning van Israel!

‘n Paar dae daarna het ek die boek *Living Bread from Heaven* (Afrikaans: *Lewende Brood uit die Hemel*) opgeneem. Ek het afgekom op ‘n paar

uitdagende stellings, wat ek voorheen nie opgemerk het nie. Adrian gebruik ‘n lang aanhaling uit die pen van A.T. Jones om die priesterskap van Christus te verduidelik. Hierdie verduideliking het glad nie met die siening van ‘n dispensasionele siening van die Ou en Nuwe Verbonde ooreengekom nie. Dit het dus vir my aangedui dat die dispensasionele siening van die Ou en Nuwe Verbonde nie met die 1888 boodskappe ooreengekom het nie. My hart het inmekaar gekrimp toe ek besef dat daar onenigheid bestaan binne die Een-Ware-God-Beweging en dat sommige binne hierdie beweging nie die kosbare boodskappe, bekend gemaak aan die 1888 SDA Algemene Konferensie, aanvaar nie; veral as dit kom by die siening van die Ou en Nuwe Verbonde. Ek het hierdie inligting biddend voor Bester gelê. Ons het saam besluit op ‘n projek: om die 1888 boodskappe te bestudeer. Ons het begin om deur die inligting wat Bester reeds op sy rekenaar gehad het, te lees.

## Die Kosbaarste Boodskappe van 1888

My eerste ontmoeting met die 1888 boodskappe was kort nadat ons Adventiste geword het. Op daardie stadium het ek steeds die dinge vanuit die raamwerk van die drie-eenheid probeer verstaan. Die boekie, *The Gospel in Galations*, deur E.J. Waggoner, het vir my eers geen betekenis gedra nie, maar nou het ek daarna deur die lense van Vader-En-Seun beginsels gekyk. Ek het deur artikels gelees van Jones en Waggoner. Pragtige geestelike ligstrale het vanuit die hemel in my hart neergedaal. Pragtige waarhede omtrent die geregtigheid van Christus, soos bevestig deur die wet, het vir my duidelik geword.

> **Rom 3:21** Maar nou het die vryspraak deur God *waarvan die wet en die profete getuig*, in werking getree.
>
> **Rom 5:20** Die wet het bygekom om die oortredinge nog meer te maak; en *hoe meer die sonde geword het, hoe oorvloediger het die genade geword*.

Ek het die Here gevra om my te wys wat teen die kruis vasgenael is (Kol.2:14). Verskillende predikers het hulle onderskeie menings verduidelik, elk so

oortuigend soos die res. Ek kon glad nie onderskei watter siening deur my hemelse Vader ondersteun word nie. Ek het die antwoord gekry:

> **Gal 2:20** *Ek* is met Christus *gekruisig*, en ék leef nie meer nie, maar Christus leef in my.

Dus is my ou natuur aan die kruis vasgenael. Vir die eerste keer in my lewe het die moontlikheid van 'n lewe wat volkome van sonde gered is vir my begin oopgaan. Dit is alles deur die geregtigheid van Christus moontlik gemaak, wat ons aanvaarbaar maak by die Vader deur die Geliefde (Ef. 1:6). Hierdie waarhede was vir my KOSBAAR ☺ al het ek steeds deur 'n skewe bril daarna gekyk. Die woorde het in my hart gesing:

> **Psalm 119:165** Die wat u wet liefhet, het groot vrede...

## Voor ons Eerste Ontmoeting met Adrian Ebens

### 'n Duidelike Droom

Adrian Ebens het in September 2017 in Kaapstad, Suid-Afrika, gearriveer, ses weke voordat ek en Bester hom vir die eerste keer ontmoet het. Nadat hy in ons land gearriveer het, het ek 'n duidelike droom gehad omtrent Adrian se dieet en sy geneigdheid om siek te word sodra enige van hierdie beperkings nie nagekom word nie. Ek het gedroom dat Adrian in ons dorp kom bedien het, maar binne die eerste 24 uur het hy aan sy maag siek geword.

Ons moes 'n aanbieding van hom kanselleer en ons is almal op na die Bed-en-Ontbyt, waar hy gebly het, om 'n gebed vir hom te gaan doen. Terwyl ons in gebed was, het die Here met my in my hart gepraat en gesê dat ons nie vir hom behoort te bid vir genesing nie – hy is siek want ons is nie gereed om sy boodskap te hoor nie. Dit het my so groot laat skrik dat ek wakker geword het.

Ek het besluit dat hierdie droom maar net my ooraktiewe verbeelding was as gevolg van die spanning om kampvergadering te reël. Buitendien, dis mos nie

reg nie: *ons* behoort siek te word, nie die leraar nie. Ek het geredeneer dat die mens wat sonde doen, gestraf moet word. Ek het besluit hierdie droom is nie volgens die weë van God nie – God is 'n God van geregtigheid... maar ek het op daardie stadium nog nie die lering oor die karakter van God bestudeer nie.

Ek het weer aan die slaap geraak en die droom het voortgegaan, waar ons almal om die bed staan om 'n gebed vir die leraar te doen. Ek het gedroom dat dit my beurt was om te bid. Aangesien ek onder die indruk was dat ons nie vir die leraar se genesing behoort te bid nie, het ek die Here gevra dat Hy 'n engel by sy bed sal plaas om by hom te waak en dat hy 'n goeie nagrus sal hê. In my droom het ek die Bed-en-Ontbyt die volgende oggend gebel om te hoor hoe dit met die leraar gaan. Die eienaar het my verseker dat die leraar 'n goeie nagrus gehad het, maar dat hy steeds 'n koors het en vra dat die dag se aanbiedings gekanselleer moet word. Hierdie keer het ek so groot geskrik dat ek wakker geword het en glad nie weer die nag geslaap het nie. Ek het innige gebede vir elke groepslid gebid.

### Eers Ligstrale

Een oggend, 'n paar weke voor die 2017 Kampvergadering het ek in die middel van die nag wakker geword as gevolg van bekommernisse – kwessies wat my adrienalienvlakke verhoog het, selfs gedurende die kosbare ure van rus in die nag: omtrent die kampvergadering, die onenigheid binne ons groep, ens. Ek het 'n paar indringende vrae gehad.  Ek is blootgestel aan leringe van AT Jones, EJ Waggoner and Adrian Ebens. Sommige details daaromtrent het nie sin gemaak nie en dit het my geweldig gepla. Hier en daar het die nuwe insigte, soos ligstraaltjies deur donker wolke, aan my dowwe verstand verstaanbaar geword. Die kosbare boodskappe het begin sin maak – boodskappe omtrent die wet van God wat parallel loop aan die liefde van God, dat die wet 'n beeld van die evangelie is, dat die wet parallel aan die evangelie oor alle eeue heen loop, voor en na die kruis.

Nou, in die stil middernagtelike ure, het ek weer die boek van Adrian, met die titel *My Beloved* (Afrikaans: *My Beminde*), opgeneem en waar ek die vorige aand opgehou het, verder gelees.

Toe ek die gedeelte van die Vader bereik, met 'n beskrywing van die Vader as 'n liefdevolle Vader, het daar weer 'n paar kosbare nuwe ligstrale van insig vanuit die bladsye van die boek te voorskyn gekom. WOW! Ek het uit die bed opgestaan (ek wou nie my man pla nie) en na die sitkamer gegaan waar ek gaan sit het om die nuwe insigte, wat my gedagtes en my siel deurdrenk het, te bepeins. IS DIT die God wat ek dien? 'n God van sulke aanvaardende liefde en genade? Is Hy werklik gewillig om my – as 'n dogter van Adam, 'n sondares - aan sy kosbare Seun te verloof, sodat ek 'n kind van die Oue van Dae kan word? Sodat ek die karakteristieke eienskappe van die Vader van Liefde kan ontwikkel?

Dit was net te veel vir my om te verwerk. Ek het op en af in die sitkamer geloop. Ek het die HERE gevra om liewer hierdie nuwe ligstrale te versag, want dit is net te veel vir my – my geestelike oë is amper "verblind" deur hierdie nuwe insigte…

Die volgende oomblik het ek nie geweet wat ek in die middel van die nag in die sitkamer doen nie. Ek kon nie onthou wat ek gelees het wat soveel opwinding gebring het om my sover te kry om uit 'n warm bed te klim. Stadigaan het die details van die boek *My Beloved* teruggekeer, asook my angs omtrent die nuwe ligstrale, en die versoek wat ek aan God gebring het om hierdie nuwe insigte te verdoof… en ek het besef dat die nuwe lig TOTAAL UITGEDOOF is! Ek het op my knieë geval toe ek besef dat ek glad nie sonder hierdie nuwe insig kan leef nie. Ek benodig hierdie ligstrale, want dit bevat lewe wat ek benodig om self te kan voortgaan met my lewe. Ek het God gesoebat om die kosbare nuwe ligstrale aan my gedagtes en hart terug te bring… Hy het genadiglik hierdie versoek toegestaan, en ek kon duidelik weer die sterk indrukke omtrent die liefde van die Vader deur my hele wese voel spoel, op 'n manier wat ek nog nooit ondervind het nie. Ek was verheug

daarin! Ek het myself verbly in hierdie pragtige wete wat so ‘n sterk ligstraal vanuit die hemel tot waar ek gesit het, laat skyn het. ☺

### Versoeke Gerig

Die dae het verbygegaan en dit was byna tyd om Adrian te ontmoet.

Terwyl ek gebid het oor die verskil in opinies van myself en my man omtrent die feeste, het ek daarvan bewus geword dat die manier waarop ek my versoeke aan my man rig, van deurslaggewende belang is. Ek het besef dat, indien my man nie die kosbare waarhede omtrent die feeste sou aanvaar nie, ons gesin dit ook nie sou aanvaar nie. Dit sou tot ‘n groot ompad vir ons gesin se geestelike weg lei, wat ek saam met die gesin sou moes meemaak. Ek het vermoed dat, indien ons bybelstudiegroep nie die feeste sou aanvaar nie, sou ons groep moontlik binne ‘n paar jaar ontbind. Ek het vermoed dat al hierdie dinge afhanklik is van die wyse waarop ek my versoeke tot Bester rig. Baiemaal het ek my onwyse handelinge erken en die Here gesmeek om genade.

Nogtans het die waarheid nog nie by my posgevat nie – dat my eie gees van kritiek die hoofrede was van al die probleme. Ek kon nie insien dat ekself al die moeilikheid veroorsaak het nie.

## Adrian se Eerste Besoek by Ons aan Huis

Uiteindelik het die dag dat Adrian in ons huis instap, aangebreek. Dit was Oktober 2017. Ek en Bester het vir Adrian en Danny Brown by die lughawe gaan haal. Die motor wat ons gebruik het, het ‘n probleem op die lugversorging gehad – partykeer werk dit en partykeer sny dit onverklaarbaar uit. Ek het die motor by die spesialiste gehad, maar hulle kon nie die probleem oplos nie. Ek het verwag dat die motor daardie dag, terwyl ons die anderhalfuur terugry huistoe, sou ingee, gegewe die son en hitte van die dag. Tot my verbasing het die lugversorging nie ingegee nie. Sulke en ander gebeure het my laat besef dat Adrian, Ben en Danny beskerming geniet waarvan hulle nie altyd bewus is nie.

Bester en ek het maklik met Adrian vriende gemaak; ons het hom vriendelik en toeganklik gevind. Ek is baie dankbaar vir sy bediening aan die gesin gedurende daardie week. Ek is dankbaar dat ons gesin gedurende daardie week van Adrian se bediening almal tuis was. Ons drie kinders was van die opinie-verskille tussen Pa en Ma bewus en het die uitkoms fyn dopgehou.

Ek moet byvoeg: Ons as gesin was onbewus dat die kalender wat Adrian gevolg het, die Huttefees reg binne die week wat Adrian in ons huis bedien het, geplaas het.

Gedurende sy verblyf by ons moes ek die harde les leer om nie na Adrian te kyk vir 'n oplossing vir die onenigheid tussen my en Bester oor die feeste nie. Ek moes my Hoërpriester, Jesus Christus, vir 'n oplossing vertrou. Adrian het verduidelik en verduidelik en verduidelik in sessie na sessie na sessie. Ek is dankbaar vir die 17$^{de}$ dag van die 7$^{de}$ maand (volgens die Bybelse kalender) toe Bester ingewillig het om sy Bybel anders te lees en om sy siening van die feeste weer na te gaan... Adrian het dadelik aangedui dat sy ark tot rus gekom het.

> **Gen 8:4** ... dat die ark [van Noag] op die sewentiende van die sewende maand op die Araratberge tot rus gekom het.

Dit was vir my 'n grootse oomblilk... *dit was of sonsopkoms aangebreek het, soos die eerste oggend, soos...*

> ... daardie oggend toe die sterre saamgesing het en al die hemelinge gejubel het...Job 38:7

## 'n Paar Insidente

Een van die insidente wat gebeur het tydens Adrian se verblyf, was die tandepasta-insident. Een week voordat hy by ons opgedaag het, het ons by vriende in 'n ander provinsie gekuier. Die vriend het my 'n buisie spesiale tandepasta, sonder floried, as geskenk aangebied. Omdat ons klein dorpie nie sulke rare en luukse items op die rakke het nie, gebruik ek dit nie en het dit

so aan hom verduidelik. Ek het nie die geskenk aanvaar nie. Een week later arriveer Adrian en vra of ek dalk vir hom tandepasta het, verkieslik sonder floried... En dadelik het ek besef dat die Here ‘n engel deur my vriend gestuur het om in die man se behoeftes te voorsien, maar ek het nie my samewerking gegee nie...

Nog ‘n insident noem ek die skootrekenaar-insident. Bester het planne gemaak om Adrian opdraend te gee met argumente omtrent die feeste. Ongelukkig het die battery van sy skootrekenaar ingegee net voor Adrian opgedaag het. Dit het Bester sonder ‘n skootrekenaar gedurende Adrian se verblyf gelaat en sonder sy databasis met sy navorsing oor die feeste. Nadat Adrian vertrek het moes die battery vervang word. Om te verseker dat die battery buite werking is, het Bester die skootrekenaar een aand aangesit en opgekoppel om die battery oornag te probeer laai. Gedurende die nag het ek wakker geword van ‘n eienaardige lig uit die sitkamer. Ek het opgestaan om te gaan kyk wat gaande is. Ek het gevind die lig kom van die skerm van Bester se skootrekenaar. Ek het ‘n paar programme oopgemaak – dit het absoluut niks makeer nie! Daardie paar oomblikke in die middel van die nag het ek besef dat ‘n engel sy hand oor die battery gehou het om te keer dat Bester dit gebruik... weereens was ek bewus daarvan dat daar engele in ons huis is wat ons bedien ... ons behoort goedhartig en vriendelik teenoor mekaar op te tree om hulle in ons welkom te laat voel midde. Intussen het die skootrekenaar van Bester na ons dogter Fransonet verskuif. Tydens die publikasie van hierdie boekie gebruik Fransonet steeds die skootrekenaar. Die battery is ‘n paar jaar na die insident vervang.

Die lekkende dak: Gedurende die jare voor Adrian se besoek het die dak van ons huis gelek, reg binne-in die sitkamer. Die droogte se waterbeperkings het egter verhoed dat die lek reggemaak is. (As die son skyn, dan lek die dak mos nie... mens herstel mos nie ‘n werkende stelsel nie!) Een aand gedurende Adrian se verblyf het dit ‘n slag behoorlik gereën, sodat dit duidelik hoorbaar is op die opnames wat gemaak is. Almal was dankbaar vir die goeie reën, maar ek het dadelik aan die lekkende dak gedink. Teen die einde van die

aand, net voor ek die ligte in die sitkamer afgeskakel het, het ek weer die plafon deursoek vir nattigheid op die plek waar dit lek, maar kon niks sien nie. Ek onthou hoe ek my kop geskud het en gewonder het wie hierdie mense dan is wat by ons kuier.

## Die Vrou by die Put

Gedurende die maande voor en na die 2017 kampvergadering in Pietermaritzburg het ek 'n ondervinding gehad waarna ek verwys as die "vrou by die put." (Johannes 4). Ek het gevoel dat God my 'n uitnodiging na Sy lewend waters gee:

> **Joh. 4:10** "*As jy die gawe van God geken het* en geweet het wie Hy is wat vir jou sê: Gee vir My water om te drink, *sou jy Hom gevra het* en Hy sou vir jou lewende water gegee het."

Ek het besef dat ek vyf verskillende evangelies (vyf mans) aangehang het: (1) die protestante tradisionele geloof (2) die charismatiese geloof (3) die Adventiste-geloof (4) die geloof in een God en Sy eniggebore Seun en (5) die geloof om die feeste te onderhou, maar dit was nie die volledige evangelie wat God vir my wou gee nie. Ek het besef dat ek die karakter van God moet bestudeer om die God van Abraham, te dien; om die reddende geloof van Abraham te ontvang.

Gary and Carolyn Hullquist het ook die kampvergadering bygewoon. Die musiek van Gary Hullquist het deur my siel gespoel, veral die liedere van die vrou by die put. Gary het 'n paar musiekboeke met sy musiek as 'n geskenk na Suid-Afrika saamgebring. Wat 'n pragtige geskenk! Ek was verbysterd! Ek het vinnig 'n paar van die boeke bymekaar gemaak. Ons gesin maak steeds van die musiek gebruik. Na die kampvergadering het ek gereeld sy webbladsy besoek om die begeleidings van die liedere af te laai en het ure van persoonlike aanbidding deurgebring terwyl ek met elektroniese begeleiding vioolspeel.

Na die kampvergadering van 2017 het ek omtrent die ekstra seën wat beskikbaar is tydens nuwemaan geleer. Dit was gesimboliseer met die ekstra porsies brood (die Brood van die Lewe – Jesus) en die olie (die Heilige Gees) wat tydens nuwemaan in die aardse heiligdom beskikbaar was. Ek het besluit om God vir ekstra seën gedurende die nuwemaan te vertrou. Op daardie stadium het ons Bybelstudiegroep die boek *Knocking at the Door,* deur Robert Wieland, bestudeer. Die gedeelte oor die onbewuste sondes van die gemeente in Laodicea (Open 3:17 - jy weet nie dat dit jy is wat ellendig en beklaenswaardig en arm en blind en naak is nie) het my laat besef ek het sonde waarvan ekself nie bewus was nie. Ek het God gevra om gedurende hierdie geseënde tye aan my my sondes bekend te maak.

O genade... ek is dinge getoon waarvan ek nog nooit gedroom het nie! Verskriklike dinge wat onwaardig en onvanpas is om te herhaal; elke slag nuwe dinge gedurende elke nuwemaan. Ek is dankbaar vir elke deel van my sondes wat aan my getoon is, wat ek kon bely en waarvoor ek soete vergifnis kon ontvang. Omdat my eie menslike natuur steeds die stryd teen oorwinning oor die sonde voer, is hierdie deel van die verhaal steeds lopend...

> **Lukas 15:7** Ek sê vir julle: Net so sal daar ook in die hemel blydskap wees oor een sondaar wat hom bekeer...

Dit was gedurende een van hierdie gebeure dat ek uiteindelik my sondige houding teenoor my kosbare man oor die feeste kon erken, veral in die maande net voordat Bester van die feeste oortuig is. Dit was eers baie later dat ek besef het dat my sondige houding hom weerhou het om die kwessies te bestudeer. Ek kon eers my foute erken nadat ek geleer het dat God ons nie veroordeel nie. Ek moes eers agterkom dat ek my heel ergste sondes in die teenwoordigheid van God in die gesig kon kyk en selfs dan sal Hy dit nie teen my hou nie. Daarna kon ek my foute erken. Hy skenk vergifnis aan almal wat daarom vra.

> **Joh. 3:17** God het nie sy Seun na die wêreld toe gestuur om die wêreld te veroordeel nie, maar sodat die wêreld deur Hom gered kan word.

Adrian het nie net die boodskappe in ons huis verkondig nie, maar dit ook prakties geleef. Ek is baie dankbaar dat ons as gesin in hierdie waarhede verenig kan staan.

## Die Sabbatsondervinding

Na die kampvergadering in 2017, terwyl ek die spesiale tye van verkwikking, soos aangedui in die Ou Testament, ondersoek het, het ek 'n merkwaardige ondervinding omtrent die spesiale seën wat gedurende Sabbatsure beskikbaar is, gehad. Dit het weekliks op sabbatte gebeur. Op Donderdagaande het ek met 'n opwinding in my hart in die bed gekruip met die wete dat daar nog een slapie is voordat Sabbat Vrydagaand aanbreek. Vrydagaande het ek met baie meer vrede in my as tevore die Sabbat ingegaan. Die senuagtige geskarrel deur die huis is vervang met musiek gedurende die laaste paar minute voordat die Sabbat aanbreek. Die gesin kruip gewoonlik vroeg in op Vrydagaande om die nodige rus na die week se werk te kry.

Dit het baiemaal gebeur dat ek twee-uur of drie-uur in die oggend, na omtrent 5 of 6 ure se slaap, wakker geword het. Daarna kon ek net nie weer aan die slaap raak nie. Ek het dan maar opgestaan om Bybelstudies te doen. In daardie stille vroeë-oggendure het ek baiemaal pragtige waarhede, wat in my hart geval het, ontdek. Sabbatoggende het ons soos gewoonlik ons oggendprogram by ons aan huis gehad. Sabbatmiddae het die ander gewoonlik onttrek vir die nodige middagslapies, maar ek kon nie gedurende die spesiale Sabbatsure gaan slaap nie. Ek het met nog studies voortgegaan en was steeds op en wakker teen die sonsondergang tydens Sabbatsluiting. Na sabbatsluiting was my gedagtes en my gemoed helder en verfris. Ek kon 'n nuwe week ingaan en opnuut weer werk aan vertaling van boeke van Engels na Afrikaans. Dan het ek die nag in gewerk. Die volgende dag het ek geensins

nodig gehad om verlore slaap in te haal nie – iets wat baie onnatuurlik is vir my liggaam wat elke nag agt ure slaap benodig. Hierdie spesiale sabbatsondervindings het vir ‘n paar maande voortgegaan. Ek glo dit was nodig sodat ek die onderwerp van die Versoening kon bestudeer, want gedurende daardie tye het Adrian preek na preek vrygestel wat alles oor die Versoening gehandel het. Ek het tyd nodig gehad om die nuwe informasie behoorlik te bestudeer en geestelik te verwerk. Baie van die konsepte was vir my moeilik om te snap as gevolg van vooropgestelde idees in my kop. Baie van Gary se musiek het deur my siel gestroom:

> **Johannes 4:10** Jesus het haar geantwoord: “As jy geweet het wat God gee, en wie dit is wat vir jou sê: ‘Gee My 'n bietjie water om te drink,’ sou jy Hom gevra het, en Hy sou vir jou lewende water gegee het.”

> **Psalm 61:2 – 5** Hoor tog my hulpgeroep, o God, slaan tog ag op my gebed. Ver uit die vreemde uit, in wanhoop, roep ek na U. Bring my op 'n rots waar ek veilig sal wees. U is vir my 'n toevlug, 'n sterk vesting buite bereik van die vyand. Laat my by U 'n blywende tuiste vind. Laat my skuil onder u vleuels.

Die lied op die woorde van Psalm 61 het die uitroep van my hart gedurende hierdie sabbatsute verwoord, veral in die stille oggendure, wanneer ek gesukkel het om hierdie lering oor die karakter van God, wat soveel anders as my denkpatrone was, te verstaan. As gesin leer ons steeds van die pragtige AGAPE liefde van ons hemelse Vader.

## Bring die Skip in die Hawe

Een van die sprekers tydens die 2018 Kampvergadering in Pietermaritzbrug het ‘n storie vertel van ‘n skip wat ‘n hawe binnevaar. ‘n Skip wat buite ‘n hawe is, het hulp benodig van binnekant die hawe om dit in te  bring en vas te meer, want die mense binne die hawe is goed bekend met die hawe. Hierdie storie is oorspronklik vertel deur een van die SDA pioniers, kaptein Joseph Bates (wat voorheen self ‘n skeepskaptein was). Hy het die geestelike

parallelle verduidelik: Die Bybel is ons gids om ons te neem van die een kontinent na die ander oor die oseaan. Dan word hulp benodig om ons vas te meer in die hemelse hawe, wat dan die Gees van Profesie en die fondasies van die Adventiste-geloof is. Ek het met opwinding na hierdie verhaal geluister, want dit het my eie ondervinding van jare tevore geëggo. Dit het die rol van die Skrifte, die Gees van Profesie en die basis van die Adveniste-geloof aan my duidelik gemaak.

Mag ons die wederkoms van Jesus Christus verhaas.




Die Snymangesin (van links na regs): Marié, Bester, Dawid met Jessie, die hond, Nina en Fransonet (2016).




Uitsig vanaf die stoep op die plaas waar ons gewoon het tot Feb 2010.



Om die etenstafel:  Adrian, Danny, Bester, Nina en Dawid, Okt 2017



Adrian bedien in ons huis gedurende sy besoek aan Suid-Afrika, Okt 2017.




Kampvergadering Oktober 2017 (van links na regs): Nina, Bester, Carolyn en Gary Hullquist, Ben Kramlich, Danny Brown en Adrian Ebens.




Kampvergadering: Okt 2017.

‘n Spesiale item deur Nina, Dawid en Brumilda, met Lidia wat op die klavier begelei.

## ‘n Lied

### My Baptism: A Song

**Deur Penny Kotze**

My heart is so full I can hardly speak,

I have joy and peace, and tears on my cheek.

I have God as my Father, and the love of His Son.

I surrender all to Him, as the battle is won.

I have gone through the waters, and emerged someone new.

God has given me glasses with a totally different view.

No judgement, no condemnation, only mercy and love,

And this flows through the Son, from my Father above.

Thank you my Saviour who keeps evil at bay,

For all of the memories that I have today.

AMEN


# Baptism Song

Penny Kotze

Nina Snyman




Nina


F C G G
flows thru the Son from my Fa – ther a – bove.
C F C G
Thank you my Sa – viour who keeps e – vil at bay for
F Am G C
all of the mem – 'ries that I have to – day.

# Eksodus Ondervinding

Gedurende die jaar 2010 tot 2017 het die Here ons gesin deur 'n Eksodus ondervinding geneem: Ons het eerstens deur verbasende ontdekkings die Tien Geboeie gevind (Eksodus 20) in die Adventiste Kerk, waar ons aangesluit het. Die onontdekte waarhede van die Ou Testament (Eksodus 21 – 24) het ons gelei tot 'n veranderde lewenstyl van selfbeheersing in, onder andere, ons eetgewoontes. My man se studies van die Bybel het ons gelei tot die openbaring van Jesus Christus, die Seun van die enige ware God, soos beskryf in die Heiligdom (Eksodus 25 – 31, Joh.17:3), gevolg deur 'n Goue Kalf ondervinding (Eksodus 32) wat die weg gebaan het tot die wonderlike openbaring van Wie God is en hoe Hy in wese is (Eksodus 33-34).